

**21 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 145**

**Fokusgedeelte: Psalm 145:1, 12**

**Loof God vir Wie Hy is en vir wat Hy doen**

Wie die Here ken ... waarlik ken ... kan nie anders as om Hom te loof nie. Jy sien sy Hand in alles raak. Jy sien sy Koningsheerskappy raak midde-in alle omstandighede. Jy sien sy liefde en sorg en genade en goedheid raak ... selfs in die grootste beproewing.

Die psalmdigter verwonder hom oor Wie God is en oor wat Hy alles doen. Hy sien God se Hand in sy lewe. Daarvoor wil hy God se lof verkondig en sy Naam loof en prys. Hy wil vir almal daarvan vertel. Hy wil daarvoor praat en daarvan getuig. En hy doen dit ook.

Koning Dawid het getuig van God se besigwees in sy eie lewe. Hy kon ook getuig van God se werk in die lewens van ander mense ... dat Hy in beheer is van die ganse skepping! Ja ... watter gelowige kan onaangeraak wees wanneer hy aan God dink ... aan wat Hy doen ... aan hoe groot Hy is?

Ook die gelowiges van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kon oor 150 jaar getuig van God se magtige daade. Oor geslagte heen het Hy sy kerk in stand gehou. En dit ... te midde van menslike foute en sondes en gebreke. Dit is immers sy kerk. En Hy werk in sy kerk. Hyself sorg dat die poorte van die hel nie sy kerk op aarde oorweldig nie.

En God is getrou. Getrou aan sy beloftes volgens sy Woord, het Hy sy Seun Jesus Christus aarde toe gestuur om met sy kruisdood die volle prys vir ons sondes te betaal. Daarom kan ons ook die toekoms met vertroue tegemoet gaan ... in afhanklikheid tegemoet gaan ... onder God se liefde, beskerming en sorg tegemoet gaan.

Mag ons as kinders van die Drie-enige God hom altyd dien in getrouheid en opregtheid, terwyl ons kinderlik buig voor sy grootsheid, heerlikheid en majesteit. Mag ons gehoorsaam buig voor sy wil volgens sy Woord. Mag ons en ons kinders en ons kindskinders steeds met verwondering oor God en voor God ... sy Naam loof en dank en prys.

*Sing: Psalm 145:1, 12 (Totius)*

*Dr JH Howell (Heidelberg)*